

Godsdiensonderrig 2

Lestitel: Die opstanding van Jesus Christus

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Die opstanding van Jesus Christus”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Die opstanding van Jesus Christus
Bybelwoord	Mattheus 28: 1-8 en Lukas 24: 13-49
Lesdoelwit	Die kinders leer dat Jesus Christus deur sy opstanding die voorvereiste was vir ons gedaanteverwisseling.

Lesopsomming:

● Die aand van die kruisiging het Josef, 'n ryk man van Arimathea, wat ook 'n dissipel van Jesus was, na Pilatus gegaan en vir hom die liggaam van Jesus gevra.
● Hy het toegesien dat Jesus begrawe word soos dit gebruiklik is vir diegene van hoë rang.
● Na die begrafnis is die graf met 'n groot klip verseël en bewaak, aangesien die hoëpriesters en Fariseërs bang was dat Jesus se dissipels die liggaam sou kom steel en beweer dat Jesus opgestaan het. (Mattheus 27: 57-66)
● Op die derde dag na die kruisiging het Maria Magdalena en die ander Maria, die graf gaan besoek. Skielik was daar 'n groot aardbewing.
● 'n Engel van die Here het uit die hemel neergedaal, die klip van die ingang af weggerol en daarop gaan sit.
● Sy voorkoms was soos weerlig, en sy klere was wit soos sneeu. Die wagte was so bang dat hulle gebewe het en soos dooies geword het.
● Vir die vroue het die engel gesê: “Wees nie bevrees nie, Jesus is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kyk na die leë graf en gaan vertel die dissipels dat Hy uit die dood opgestaan het.”
● Onderweg het Jesus hull ontmoet en gesê: “Wees bly!” Hulle het oe gekom aan sy voete vasgehou en Hom aanbid.
● Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers om na Galilea te gaan, en daar sal hulle My sien.”
● Jesus was sonder sonde en moes sterf in ooreenstemming met die wil van sy Vader. Deur die krag van God kon Hy uit die dood opwek en laat opstaan.
● Deur Jesus se opstanding het God iets nuuts geskep, 'n nuwe liggaam wat nie weer terugkeer na sy vorige bestaan nie.
● In sy opstandingsliggaam kon Jesus Homself sigbaar maak vir ander en onmiddellik op 'n ander plek wees. Hy kon ook praat en eet.
● Lukas 24: 13-49 berig oor wat gebeur het met sommige wat die Opgestane Een teëgekom het.
● Twee van Jesus se dissipels het Jesus teëgekom op pad na Emmaus.
● Hulle het van Jesus se kruisiging geweet en gehoor dat Hy opgewek is, maar het dit nie geglo nie.
● Terwyl die Here Jesus saam met hulle geloop het, het hulle Hom nie herken nie.
● Eers toe Jesus brood breek en dit vir hulle gee, het hulle oë oopgegaan, en hulle het Jesus herken. Op dieselfde tyd het Jesus uit hulle sig verdwyn.
● Die twee dissipels het na die apostels gegaan en hulle vertel wat met hulle gebeur het. Terwyl hulle praat, staan Jesus skielik tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle.” Hulle was bang omdat Jesus deur die toe deur gekom het.

● Hulle het gedink dat Hy 'n gees is. Hy wys hulle sy hande en voete en vra hulle om Hom aan te raak terwyl Hy sê: " 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie."
● Hulle was verbaas en kon dit nie glo nie.
● Eers nadat Jesus die vis geëet het, wat hulle Hom aangebied het, het hulle geglo dat Hy nie 'n gees is nie, maar Jesus Christus, die Opgestane Een.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Jesus Christus het die offer gebring om vir ons sondes te sterf en Hy is opgewek.
● Ons glo in Jesus se opstanding en bely dit in die tweede geloofsartikel.
● Jesus Christus se opstanding is die voorvereiste vir die opstanding van die dooies.
● Wanneer Christus terugkom, sal die dooies in Christus die eerste wees wat opstaan (eerste opstanding).
● Sy eie, wat ten tye van Christus se wederkoms nog op aarde woon, sal verander word en die opstandingsliggaam op hierdie manier ontvang.
● Wanneer Christus terugkom, wil ons verander word of opstaan.
● Om met Christus se wederkoms aanvaar te word, moet ons ontslae raak van eiegeregtigheid, 'n ek-weet-dit-alles-houding, afguns en jaloesie in ons lewens, en God se woord en genade aanvaar.
Ons wil volgens God se wil leef en tot die einde toe getrou bly. Onthou, berei julle voor op Christus se wederkoms en wees deel van die eerste opstanding.

Doen oefening 1 en 2 saam met u kind.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wat is die voorvereiste vir die opstanding van die dooies?
Antwoord: Jesus Christus se opstanding
2. In watter geloofsartikel van die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis bely ons die opstanding van Jesus Christus?
Antwoord: Die tweede geloofsartikel
3. Wat moet ons doen om met die wederkoms van Christus aanvaar te word?
Antwoord: Ons moet ontslae raak van eiegeregtigheid, 'n ek-weet-dit-alles-houding, afguns en jaloesie in ons lewens, en God se woord en genade aanvaar. Leef volgens God se wil.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag, Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel, Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien, En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei, Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen